

WELTEWOORD

GEMEENTEBLAD VAN NG WELTEVREDEN

Om mense hoop te gee en te bemoedig

Gerrie J Jacobs

Onlangs ontvang ek 'n uitnodiging op Facebook om lid te word van die sogenaamde #ImStaying-groep. Die rede vir hul bestaan is die volgende: *"#ImStaying is dedicated to the South African women and men of all races, cultures, religions and creeds to grow and improve South Africa. We focus on the people, beauty and positivity in South Africa and all the good vibes. This group belongs to all willing to make a positive difference!"*

Ek aanvaar toe lidmaatskap uit nuuskierigheid en is tans een van bykans 950 000 lede. Die boodskappe en lewensverhale wat deur gewone burgers van ons land geplaas word, word gekenmerk deur twee onderliggende temas; of lede probeer mekaar ophef en bemoedig, of lede stuur 'n amper reikhalssende noodsein. Ek kan dit opsom as: Sien my raak, neem kennis van my swaarkry-pad tot hier en hou in gedagte dat ek probeer om my omstandighede te verbeter. Die verhale maak my soms bewoë en soms snak ek na my asem. Ek vra myself af hoe mense kop bo water hou te midde van wat met hulle gebeur het of waaraan hulle onderwerp is – waarom hulle dikwels geen beheer gehad het nie.

In Edith Eger se boek *The Choice*, (2017) vertel dié Jodin haar lewensverhaal. Dit is wesenlik beïnvloed deur haar wedervaringe as gevangene in 1944 en 1945 – 'n 16-jarige wat doelbewus van haar ouers geskei is – in die konsentrasiekamp Auschwitz in Poland. Sy vertel onder andere dat sy as ballerina van tyd tot tyd vir die berugte Josef Mengele moes dans. Hierdie tydperk van onmenslike gevangenskap het haar wonderbaarlik nie as mens geknak nie, maar haar eerder in staat gestel om die lewe daarna met oorgawe te lewe. Hoe het sy dit vermag, te midde van buitengewoon droefgeestige omstandighede?

Eger skryf haar 'uitstyg' bo haar omstandighede toe aan 'n bepaalde ingesteldheid, naamlik: *"There is a difference between victimization and victimhood. We are all likely to be victimized in some way in the course of our lives. At some point we will suffer some kind of affliction or calamity or abuse, caused by circumstances or people or institutions over which we have little or no control. This is life. And this is victimization. It comes from the outside. In contrast, victimhood comes from the inside. No one can make you a victim but you. Victimhood is optional"* (2017:9).

'n Mens kan dus 'n **slagoffer** word weens jou omstandighede, waaroor jy nie noodwendig beheer het nie, maar jy hoef nie 'n **slagoffer-mentaliteit** te aanvaar en daarvolgens te lewe nie – jy kies self jou gesindheid.

Eger het uiteindelik 'n suksesvolle kliniese sielkundige geword, wat vir baie jare haar praktyk in Amerika met groot vrug bedryf het. Sy het raakgesien en toenemend beleef dat die meeste mense 'n onvervulde en groeiende 'hongerte' in hul menswees koester. Hulle is veral **"hungry for approval, attention, affection"** – die drie A's. Ek het hierdie drie A's ook raakgelees in die boodskappe van talle Suid-Afrikaners, mense soos ek en jy, op die #ImStaying-groep. Hulle wil raakgesien word. Hulle wil erken word as waardige burgers wat 'n bydrae kan lewer tot ons land se toekoms, hulle is dikwels op soek na positiewe bemoediging, en wil ook soms spesiaal voel.

Prof Christina Landman, bekende en soms ook kontroversiële teologiese dosent aan Unisa, het in Beeld 'n baie insiggewende artikel geskryf, wat handel oor die uitdaging vir die kerk in ons tyd. Sy beskryf die rol van die kerk soos volg: *"En so is ons terug by die kerk se werk om mense te bemoedig. En die kerk se boodskap behoort sterk genoeg te wees om dit te doen. Dis die kerk wat vir mense kan sê: Moenie jouself onderskat nie, want jy het waarde wat geen mens of sondige stelsel by jou kan wegneem nie. Jy het 'n verbond met God dat jy menswaardig is. Jy is na God se beeld geskape wat jou nie inperk tot net 'n liggaam nie. Die kerk se waardes is geregtigheid, menswaardigheid, liefde en omgee. Dis wat ons hoop gee. Dis die kerk se werk om mense te bemoedig."*

NG Weltevreden wil graag Prof Landman se uitdaging aanvaar en konkreet daaraan gestalte gee ter uitlewing van ons missie: **Lewe vir die Stad**. Ons rol is inderdaad om soveel as moontlik mense vanuit alle lae van die samelewing hoop te gee en hulle te bemoedig. Daar is verskeie aksies en bedienings in ons gemeente wat dit lankal doen. Maar die 'Stad' se nood raak by die dag meer en meer akuut; dit word soms bykans oorweldigend. My pleidooi is dat u as leser (lidmaat of nie), indien u nog nie is nie, betrokke sal raak by NGW se mense-hoop-gee-en-bemoedig-strewe. Soos wat die media na die Springbokke se Wêreldbekerrugby-glorie verkondig het, sê ek ook: **"Together we are stronger"**.

Rand en sent alleen bepaal nie ons waarde nie



Saret Britz

Die wêreld dwing ons baie keer om na probleme te kyk met geld wat die oplossing dikteer. As daar nie geld is nie, kan ons dit nie doen, koop of regmaak nie. Wanneer ons met 'n kerk se finansies werk, neig ons om dieselfde te dink. Totdat jy keer op keer herinner word om te vertrou, want die Here voorsien.

So het ons in 2019 'n groot stap geneem in absolute vertroue en blinde geloof, om die kerk se dak wat al vir byna 30 jaar probleme gee, te laat herstel – sonder dat ons geweet het waar die finansies hiervoor vandaan sou kom. En in net drie maande kon ons daarin slaag om die hele bedrag te betaal!

Hierdie tyd van die jaar word ons veral deur twee sake op ons knieë gedwing: Die begrotings vir die volgende jaar en die Seisoen van Dankbaarheid. Albei stel groot verwagtinge en eise wat menslik onmoontlik lyk, maar telkens word ons verras deur die vrygewigheid van die Gemeente en gemeenskap. Daar gaan nie een dag verby sonder dat ons vir mekaar sê hoe dankbaar ons is om in hierdie Gemeente te wees nie. Want begrotings klop (al is dit soms op nommer nege-en-negentig) en doelwitte word behaal.

Wanneer ons nabetragting doen kan ons nie anders as

om te besef dat NG Weltevreden se waarde nie in rand en sent alleen gemeet kan word nie. Die waarde van hierdie Gemeente is in haar lidmate wat nood raaksien, wat met sagte Jesus-oë na die wêreld kyk en wat weet dat die kerk nog 'n plek het in die wêreld waarin ons elkeen leef. Soos wat ons gereeld gee, moet ons as kerk ook soms met vrymoedigheid vra wanneer ons hulp nodig het.

Ons tiendemaanddankoffer is 'n geloofsoffer juis vir die werk van die kerk – ons draai nie doekies om daaroor nie. Ons vra met vrymoedigheid weer vir hulp in die vorm van 'n geldelike bydrae wat sal verseker dat die kerk se waarde ver buite ons kerkgebou se grense gesien en gevoel kan word. Ons vra dat almal net sal gee volgens hul vermoë, om die kerk se relevansie en waarde te verseker. Ons wil nie altyd aan probleme of oplossings dink in terme van geld nie, maar eerder in terme van die waarde wat ons toevoeg tot die gemeenskap en wêreld. Want die kerk is tans baie kwesbaar en broos en ons waarde word beslis nie net in rand en sent gemeet nie.

'n Besondere woord van dank aan elkeen in die gemeente wat saam die droom uiteleef om lewe te bring in die stad. Die Gemeente en gemeenskap word deur julle ryklik geseën!

Hoop vir die gemeenskap

As daar nou een ding is wat die Wêreldbeker-rugbytoernooi ons geleer het, is dat 'n mens nie die krag van Hoop moet onderskat nie. En ook nie die ontstgting wanneer 'n buiteperd wen nie. In 'n titaniese stryd is dit ook nie ongewoon om slagoffers te hê nie. Maar waar daar 'n gemeenskaplike droom en doelwit is, is die dryfkrag soms so groot dat dit 'n onkeerbare mag word.

Die Kerkraad is 'n geruime tyd reeds besig met 'n strategiese onderskeidingsproses waar daar gebid, gepraat en onderhandel word oor die rigting waarheen ons Gemeente gestuur word. Ons glo al meer dat ons 'n geskenk vir die gemeenskap moet wees. Ons wil mense uit ons gemeenskap nie net welkom laat voel nie, maar ook tuis laat voel. Dis verskillend wanneer jy by mense kuier en wanneer jy by jôu mense kuier.

Om mekaar net die heeltid geliefd te laat voel, sal nie ons doelwit om 'n geskenk vir die gemeenskap te wees binne bereik bring nie. Daarom het ons tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Ons Gemeente wil op 'n positiewe manier Hoop en Lewe bring na die gemeenskap waarbinne ons beweeg.



Saret Britz

- Ons Gemeente is nie 'n eiland nie, ons grense is poreus en deurlaatbaar. Net soos 'n hospitaal gebou word vir siek mense, word 'n kerk gebou vir mense wat God nodig het – hier moet enigeen uit die gemeenskap welkom wees.
- Ons moet dapper wees, nuwe dinge waag en bereid wees om te leer uit ons foute. Ons moet mekaar ook ruimte gee om nuut te dink, want so leer ons.
- Ons Gemeente wil ons oë en ore oophou vir die nood van die gemeenskap sodat ons juis daar 'n verskil kan maak.

Wanneer ons as Gemeente saam op hierdie reis gaan, is dit die gesamentlike droom van Hoop wat ons aksies saambind en wat sal verseker dat ons suksesvol is. Dit het tyd geword vir ons gemeente om weer ons plek vol te staan as positiewe verskilmakers in die gemeenskap. Ons het 'n kans om vir die gemeenskap 'n geskenk te wees. Ons het mekaar nodig – nou meer as ooit!

So gee ons om

Alda Boer



Huis Erasmus

NG Weltevreden is al die afgelope 16 jaar betrokke by Huis Erasmus. Ons groep vrywilligers onder leiding van Mari du Toit en Willemien Botha het die afgelope jaar aandag gegee aan die kinders deur hulle op verskeie vlakke te ondersteun, hul verjaarsdae spesiaal te maak, saam met hulle te kuier of hulle op uitstappies te neem. Daar is gehelp met die aanvulling van hul koskaste, skoonmaakmiddels, toiletware, asook die aankoop van 'n nuwe sitkamerstel. En dan een van die hoogtepunte, die Matriekafskeid!

Blou Huis

Marlene Ross en Rachel Hebron, saam met hul groep vrywilligers, was hierdie jaar weer betrokke by die Blou Huis waar hulle die kinders ondersteun het en tyd saam met hulle deurgebring het deur hul op uitstappies te neem en hul verjaarsdae baie spesiaal te maak. Die Belydenisklas van 2019 en JonkX het ook by die kerk tyd saam met die kinders spandeer. Verder het die gemeente gehelp met onder andere 'n nuwe sitkamerstel, klere en ander benodigdhede.

Indien jy op soek is na 'n plekkie waar jy as vrywilliger 'n verskil kan maak, skakel asseblief gerus vir Alda Boer, ons Direkteur Versorging, by die kerkkantoor.



Dankie²!

Alda Boer

Ons jaarlikse Dankie-sê-funksie was weereens 'n wonderlike geleentheid om almal wat die afgelope jaar op een of ander wyse gehelp het om die hande van die gemeente te versterk, te bedank. Die talentvolle Estie Gross, met die begeleiding van Christo Bezuidenhout, het bygedra tot 'n besonderse aand van musiek, kuier en baie lekker eet. Dankie aan Linda vir die uitstaande kos! Dankie ook aan Dirk Botha, ons faktotum, en sy span vir al die moeite met die regmaak van die saal en dekor. Garden World het ons gehelp met die plante wat bygedra het om so 'n pragtige atmosfeer te skep. Elmarie Claassen, dankie vir al die pragtige herinneringe wat jy met jou kamera vir ons vaslê! Dankie ook aan almal wat op een of ander manier gehelp het of saam met ons kom kuier het!

*Dankie Alda vir al die moeite wat jy altyd doen met die Dankie-sê-funksie!
Hierdie jaar was dit besonder lekker en pragtig!







Belydenis

2019

Ferreira Marais

Ons elkeen stap 'n pad met die Here, en met hierdie jaar se belydenisgroep was dit steeds so waar soos altyd. Met ons doop het God die Vader voor 'n gemeente kom sê: "Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne." (Jes 43:1) By die doop het Jesus Christus saam met elkeen van ons in die graf geklim. (Kol 2:12) Hy los ons nie alleen en verlore nie, maar veg vir ons sodat ons eendag deur geloof uit daardie graf kan klim. By die doop is ons deur die Heilige Gees deel gemaak van God se liggaam. (1 Kor 12:13) 'n Verbintenis tussen 'n Drie-Enige God en sy mense, nog voordat die meeste van ons enigiets kon verdien. Of ons nou as kinders of as volwassenes gedoop is, hierdie is beloftes waaraan ons kan vashou.

So het elke jongmens wat deel was van hierdie jaar se belydenisgroep opnuut ontdek dat God nog altyd met elkeen van hulle 'n pad stap. Daar is diep gesels en moeilike vrae gevra. Vrae soos:

- Hoe weet ek God bestaan regtig?
- Hoe weet ek dat Christenskap die 'regte' geloof is?
- Hoe weet ek wat om te glo?
- Is die Bybel waar?
- Is God regverdig met mense wat Hom nooit geken het nie?
- Hoe het mense geweet wat reg en verkeerd is sonder 'n Bybel?
- Hoekom is daar so baie verskillende gelowe?
- Hoekom is daar so baie verskillende denominasies?

Soos wat 'n mens uit hierdie vrae kan sien, was dié groep jongmense nie besig met sommer net nog 'n "kerkkamp" nie, maar regtig soekend na God en soekend na die waarheid. Niks is teruggehou nie en daar is met mekaar gesels, vir mekaar gebid, by mekaar geleer en met mekaar gekuier en dit was 'n klein stukkie hemel op aarde.

Ons moet onself keer op keer herinner dat simbole en rituele in die gemeente nie die einddoel is nie, maar eerder 'n tasbare

uitbeelding van dit wat reeds in die Gees waar is. Net soos die doopwater, wat gewone water is, getuig van 'n geestelike realiteit wat reeds waar is oor die dopeling se lewe, so is belydenisaflegging 'n getuienis:

- 'n Getuienis van God se goedheid deur die jare en ten spyte van slegte tye.
- 'n Getuienis van Jesus se vriendskap, die een wat saam met ons veg, sodat ons tot geloof kan kom.
- 'n Getuienis van die Heilige Gees se krag wat binne ons werk. Dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, wat ook in ons woon en deur ons werk. (Rom 8:12)

Ons as gemeente kan baie trots wees op elke jongmens wat Jesus gekies het en ook daarvan kom getuig het op 20 Oktober. Ons gebed vir elkeen van hulle is dat die pad saam met Jesus sal aanhou tot die dag wat ons ons koppe neerlê. Of jy nou universiteit toe gaan, wegtrek, oorsee gaan of bly waar jy is, mag God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees met jou wees. Meer as dit, mag God die Vader jou daagliks herinner dat Hy vir jou sorg en vir jou omgee. Mag Jesus Christus jou elke dag herinner aan jou vryheid – jy is vry om nee te sê vir versoekings en ja te sê vir dit wat goed, mooi en aanneemlik is. Mag die Heilige Gees jou die guts gee om nie net 'n pratende Christen te wees nie, maar ook 'n doenende kind van Jesus.

Baie geluk aan elkeen van hierdie jongmense:

Sebastine Watney, Morné Coetsee, Jaco van Dyk, Jaco Ras, Zander Rossouw, André van der Merwe, Hanju Richter, Ané Muller, Minette van den Heever, Deney Thorburn, Anja Steyn, Marna van Greunen, Nina Brink, Allison du Plessis, Michaela Koen, Anja Pretorius, Lara Greyling, Kaylin Möller, Emile Wepener, Henri van der Westhuizen, Lenke Ernst, Zander Maritz, Rynard du Toit, Mart-Leen Oosthuizen, Liam du Plessis, Kyle Stapelberg, Albert Oosthuizen.



Onlangs lees ek 'n briefie van 'n Karoo-boervrou op sosiale media waar sy vertel van die erge droogte in die omgewing en hoe sy so opgewonde was oor twee sakkies cappuccino wat iemand vir haar gegee het as 'n bederfie, dat sy sommer dadelik 'n sakkie vir haar en haar man gedeel het. Gedeel het?

Ek het in die stad groot geword, dus kan ek my nie vir 'n oomblik indink hoe dit moet voel nie. Maar my hart gaan uit na hierdie boere en hul gesinne, en so ook die harte van NG Weltevreden gemeentelêde, vriende en familie wat die boodskap gedeel het. Vinnig besluit ons om te kyk hoeveel Bokse vir Boervroue ons kan help insamel, wat dan deur die Wellington VLV na vroue in droogtegeteisterde gebiede geneem sou word.

'n Familielid mobiliseer 'n paar dames van haar gemeente in Alberton en hulle daag met 'n sleepwaentjie vol seën by die kerk op! 'n Ander een sê haar finansies lyk beroerd, maar sy sal bid vir die projek. 'n Groepie dames kom een Sondag by die kerk bymekaar om bokse te pak en toe te draai. Ander dra geld by. Ons raak opgewonde want die kerkkantoor se vloer begin lyk soos Kersfees! Ons het gehoop om so 20, dalk 50 bokse te kan afstuur Kaap toe. Maar die dag toe ons die pakkies stuur tel ons 220. Ons is kinderlik opgewonde!

Ons volg die blad Boks vir Boervroue op sosiale media en sien hoe al die duisende pakkies begin uitgaan na vroue en hul gesinne. Dankie-briefies word gedeel om te sê hoe baie dit vir hulle beteken dat iemand aan hulle gedink het. Dan lees ek hierdie gedeelte uit Fanus Hansen se briefie raak:

"Maar vrede vir my gemoed wou nie kom nie. Ek het soekend by die kombuistafel loop sit. Ma het koffie gebring. 'Wat jaag jou?' het sy gevra. 'Hierdie droogte! Ek weet nie wat die Here vir my wil sê nie. Ek wil nie meer hoor wat iemand anders dink nie, ek wil nooit weer hoor wat hy dink God vir my wil sê nie, ek wil nou self hoor!' 'Is jy seker dat Hy vir jou iets wil sê, vir jou iets moet sê?' was haar teenvraag. 'Wat dan anders?' 'Dalk wil God deur ons droogte vir iemand anders iets sê.' 'Vir wie wat sê?' 'Dalk vir die mense wat die bederfpakkies kom aflaai het. Vir hulle wat vir ons voer skenk. Vir al die kinders

wat vir ons bid. Dalk wil God hulle leer van gee, leer van bid, leer van help en leer van omgee. Dalk is óns droogte nie nét óns droogte nie. Dalk is óns droogte Suid-Afrika se droogte. Dalk maak God ons gereed vir meer, vir meer gee, vir meer omgee, vir meer dankbaarheid, vir meer 'dankie Here' vir dit wat ek het; dalk maak God ons gereed vir bid vir mense wie se name ons nie ken nie, vir nuwe vriendskappe, vir 'n nuwe penmaat wat haar naam en telefoonnommer en adres in my bederfpakkie gelos het. Ek bid nou vir haar en sy vir my. Ek en jy bid elke aand dat God ons sal seën; die week het die seën na my toe gekom met die teerpad! Ek weet ons kort reën, maar die week het ek besef ons kort meer as reën, ons kort mekaar!"

En skielik verstaan ek ook beter en maak ek dit my missie om fyner te luister na God se stem. Ja, soms vra hy ons om groot goed te doen. Maar die meeste van die tyd vra Hy ons om net iets te doen – iets kleins soos om 'n briefie van iemand in nood te deel. Die woorde van Rachel Platten se liedjie Fight Song kom by my op:

*Like a small boat
On the ocean
Sending big waves
Into motion
Like how a single word
Can make a heart open
I might only have one match
But I can make an explosion*

Gee jou restaurant "doggy bag" vir die karwag in plaas daarvan om dit huis toe te neem; gee maar die R5 of die R10 footjie vir die petroljoggie as jy nie 'n R2 in jou beursie het nie; koop 'n ekstra brood en gee dit vir die bedelaar by die verkeerslig; brei of hekel 'n serp en 'n beanie vir Mandela-dag of soek daardie te-klein klere in jou kas uit en bring dit kerk toe vir dié wat elke dag met dieselfde stukkende klere en skoene rondloop.

Begin klein... maar begin!

Roomys met 'n verskil

ingestuur deur Corrie du Plessis



Bestanddele

- 2 pakke Chockits of
Romany Cream-koekies
- 2 l vanieljroomys
- 1 blikkie karamel-kondensmelk

Metode

1. Laat roomys 'n bietjie sag word, maar nie smelt nie.
2. Druk koekies fyn en druk onder in bak.
3. Klits roomys en karamel-kondensmelk saam.
4. Gooi geklitste mengsel oor koekies en plaas terug in die vrieskas om te stol.

Variasie:

*Grenadellasous oor
vanieljroomys*

Indien bogenoemde vir jou
te ryk of soet is, maak dié
sous vir vanieljroomys.

Bestanddele

- 1 blik kondensmelk
- 125 ml grenadellapulp
- 180 ml lemoensap
- sap van 1 suurlemoen

Metode

1. Meng al die bestanddele saam.
2. Verkoel en gooi oor roomys.

Ma Caroline se roomys

ingestuur deur Linda Sandenbergh

Bestanddele

- 1 k kondensmelk (ek gebruik
somer 'n hele blikkie)
- 1 k room
- 2 k melk
- 2 t. vanieljegeursel

Metode

1. Klits al die bestanddele saam en vries in 'n stewige bak. Dié roomys is kliphard en moet 'n rukkies voor gebruik uit die vrieskas gehaal word.
2. As jy onthou kan jy die mengsel na 'n paar ure met 'n vurk deurroer.



Het jy geweet?

In NG Weltevreden doop ons ongeveer 80 babas per jaar.

***Hierdie resep kom uit ons gemeente se eie resepteboek, Manna!**



Nog nie seker wat om
vir jou familie vir
Kersfees te koop nie?

Kry jou resepteboek **NOU**
by die kerkkantoor teen slegs R300!
Voorraad is beperk